

eish!



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

VOLUME 8 No 1 Februarie 2014
Personeelblad van die NWU



2014 is ons
FEESJAAR

Kuier saam
met **prof Dan**

Hul inspirasie is
R50 000 werd

INHOUDSOPGAWE

- 2 Skrop eie nes op webwerf
- 3 Boodskap van die visekanselier
Eish! ons ervaar verandering!
- 4 Inspirerende dosente wen R50 000 elk
- 5 Nuwe leiers neem die voortou
- 6 Hulle sê hul sê oor astronomie
- 7 Ná 10 jaar begin dit alles (steeds) hier
- 8 Fokus op *Speak Out!* en word gehoor
- 9 Volg dié riglyne vir e-posse
- 10 Hy staan pa vir NWU-familie
- 12 Kampusnuus: Mafikeng
- 13 Kampusnuus: Potchefstroom
- 14 Kampusnuus: Vaaldriehoek
- 15 NWU-kundiges kén hul storie
- 16 Ons mense – Voedsame etes verseker goeie prestasie
- 17 My baie spesiale versoek...
- 18 Kweek leergierige studente
Wen! Wen! Wen!
- 19 Nederlander deel sy kundigheid



Voorblad: Kom kuier gerus saam met *Eish!* by prof Dan Kgwadi, die nuut aangestelde visekanselier (p10).

NEEM KENNIS:

Die Eish! word van nou af soos volg versprei: Alle permanente personeel sal gedrukte kopieë en tydelike personeel elektroniese kopieë ontvang.

Indien u graag dit op 'n ander wyse wil ontvang, stuur gerus 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za.

Skrop eie nes op webwerf

Een van die projekte wat die institusionele webkantoor vanjaar aanpak, is om subdomeine vir verskillende entiteite by die NWU te skep.

Dit volg nadat versoeke van verskeie eenhede dwarsoor die NWU ontvang is.

'n Kleiner eenheid by die NWU, byvoorbeeld 'n fakulteit, sal nou sy eie, unieke subdomein binne die groter NWU-domein kan kry indien hulle dit verkies.

Subdomeine hou verskeie voordele in. Een is dat die eenhede hul subdomeine makliker sal kan bestuur.

Hulle sal byvoorbeeld self deur middel van Google Analytics statistiek kan trek om te kyk hoe dikwels hul bladsye besoek word. (Tans moet hulle die Institusionele Kantoor vra om vir hulle die statistiek te kry.)

'n Ander voordeel is dat webgebruikers van die naam sal kan aflei dat die bladsye aan 'n spesifieke eenheid behoort. Die naam van die totale NWU-domein begin tans so: www.nwu.ac.za. Wanneer 'n eenheid sy eie subdomein kry, sal 'n bykomende voorvoegsel bygevoeg word waaraan die eenheid uitgeken kan word.

"Subdomeine sal steeds aan die NWU se standaard vir webblaaie moet voldoen," sê mnr Cobus Steenkamp, institusionele webbestuurder.

"Die NWU se webblaaie het 'n baie spesifieke voorkoms wat bepaal word deur bepaalde lettertipes, kleure, uitleg en struktuur. Omdat alle eenhede by die NWU deel is van een institusionele handelsmerk, is dit belangrik om visuele eenheid te behou, ook wat subdomeine betref," sê hy.

Bestuurders van eenhede wat graag hul eie subdomeine wil hê, kan Cobus skakel by x85 2010.

Redaksionele span: Personeel van Institusionele Bevordering, en kommunikasiebeamptes op die kampusse. **Bladuitleg:** Graphikos. **Drukwerk:** Ivyline Technologies. **Fotografie:** NWU-kollegas en -diensverskaffers. **Spotprent:** Mynderd Vosloo. **Vir verdere navrae/korrespondensie:** Nelia Engelbrecht – Tel x99 4937 of Bussie 260. *Eish!* word deur die Institusionele Bevordering-department van die Institusionele Kantoor van die NWU in Setswana, Engels en Afrikaans voorberei en uitgegee. Indien u nog kopieë verlang, skakel gerus vir Nelia Engelbrecht. Om die *Eish!* in elektroniese formaat te ontvang, stuur asseblief 'n e-pos aan marelize.santana@nwu.ac.za.

BOODSKAP VAN DIE VISEKANSELIER

Beste kollegas

Baie welkom terug aan almal na die Desember-vakansie. Ons 10e verjaarsdag het aangebreek en ons gaan in hierdie jaar 'n reeks feestelike aktiwiteite aanbied!

Die kampusse was vroeg reeds 'n miernes van bedrywighede om gereed te maak vir ons nagenoeg 8 100 nuweling. Ons het ook ons deure oopgemaak vir die internasionale evalueringspaneel wat ondersoek kom instel het tot watter mate ons die aanvanklike same-smeltingsdoelwitte behaal het, en hoe ver ons gevorder het in die bereiking van die missie-stelling van 2006.

Hierdie verslag – wat ons einde Maart be-hoort te bereik – sal ook waardevolle inligting bied wat die Raad en prof Dan Kgwadi en sy bestuurspan kan gebruik om die NWU vir die volgende dekade te posisioneer. Dit sal met die strategiese beplanningsproses begin. Ons sal in volgende uitgawes van die Eish! meer hieroor rapporteer.

Hoewel 2014 grootliks 'n konsolideringsjaar is, is daar stywe doelwitte in ons institusionele plan gestel om van ons 'n nog meer sukses-volle instelling te maak. So wil ons byvoorbeeld vanjaar:

- die oopafstandsl eerstrategie grondig hersien;
- die programbelyning (HOKSR) finaliseer;
- ondersoek instel na internasionale graderingskriteria;
- insentiewe vir derdegeldstroom-projekte herevalueer; en
- menskapitaalprosesse grondig hersien.

Die beplanning is dat my laaste werksdag by die NWU 30 Mei 2014 sal wees, waarna prof Dan formeel oorneem as visekanselier. Ek hoop om u almal in Mei te kan groet tydens die af-

skeidsgeleentehede wat by elke besigheidseenheid geskeduleer is.

Baie sterkte vir u jaar en geniet hierdie uit-gawe van Eish!

Groete

Jhuans Eloff



Eish!, ons ervaar verandering!

Die wyse Koning Salomo het gesê daar is niks nuuts onder die son nie, maar waar die NWU op die drumpel van 2014 staan, is daar 'n héle paar veranderinge wat wag.

Die grootste verande-ring is waarskynlik die aanstelling van prof Dan Kgwadi, die rektor van die Mafikengkam-pus, as visekanselier vanaf 1 Junie 2014. (Onderhoud met prof Dan op p 10 en 11.)



Boonop het die NWU nou 'n nuwe adjunkhoof, prof Herman van Schalkwyk, en 'n nuwe insti-tusionele registrateur, prof Marlene Verhoef. (Lees gerus meer oor hierdie aanstellings in die artikel op p 5.)

Groot veranderinge – veral as dit nuwe lei-ers behels – bring dikwels onsekerheid mee. Mense wonder dadelik hoe dit hul daaglikse lewe gaan beïnvloed.

Wel, wanneer dit by verandering kom, is daar twee spreekwoorde wat geld. Die eerste is “on-bekend is onbemind” en die tweede is “kennis is mag”.

Hoe minder 'n mens van 'n saak of persoon weet, hoe groter is die onsekerheid en die vrees wat verandering meebring. Leer jy iets of iemand ken, raak die onbekende bekend en – hopelik – bemind.

Sorg egter dat jy die wáre feite oor sake of mense kry in plaas daarvan om op hoorsê via

die bostelegraaf staat te maak. Moet ook nie die oordele wat ander mense vel, sonder meer jou eie maak nie. Kyk nugter na die feite, luister na jou eie binnestem en kom tot jou eie gevolg-trekking.

Saam met die verandering van leierskap vier ons vanjaar ook die NWU se tiende bestaans-jaar. (Lees gerus op p 7 meer hieroor.)

Die verbygaan van die eerste dekade lui egter ook die begin van die tweede in. Watter ver-anderinge dit vir die NWU en sy mense inhou, weet ons nie. Maar gewapen met kennis en moed word elke verandering 'n uitdaging wat nuwe geleentehede vir groei meebring.

Die Eish!-span wens ons lesers so 'n jaar van groei en ontwikkeling toe.

Lekker lees,

Nelia en die Eish!-span

Inspirerende dosente wen R50 000 elk

Hul talent om hulle studente te inspireer het 14* NWU-dosente R50 000 elk in die sak gebring.

Die wendosente het die prysgeld van die Rapport-Topdosenttoekenning tydens 'n glansgeleentheid op 13 November 2013 in Potchefstroom ontvang. Dit was vanjaar die vierde jaar dat hierdie toekennings gemaak is.

Studente het vanjaar weer twee keer – aan die einde van elke semester – vir hul gunstelingdosente gestem. Die twee periodes se uitslae is saamgevoeg om een wenner per fakulteit aan te wys.

Tydens die prysuitdeling het dr Theuns Eloff, visekanselier, gesê die projek erken die groot rol van studente as belanghebbers en deelnemers in onderrig-leer.

Hy het gesê die toekennings gee nie net erkenning aan dosente wat 'n ekstra myl loop en studente aanspoor tot nuwe hoogtes nie. "Dit moedig ook gesonde kompetisie op verskeie vlakke aan: tussen kampusse, tussen

Hulle inspireer die meeste

Die wenners op die onderskeie kampusse is soos volg:

MAFIKENGKAMPUS

- Me Lemar Olivier, Fakulteit Handel en Administrasie
- Mnr Andre Bechuke, Fakulteit Opvoedkunde
- Mnr Pieter-Henk Boer, Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe
- Dr Ashmore Mawire, Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie

POTCHEFSTROOMKAMPUS

- Me Minnet du Preez, Fakulteit Gesondheidswetenskappe
- Prof Jorrie Jordaan, Fakulteit Teologie


- Me Alicia Fourie, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
- Dr Aubrey Golightly, Fakulteit Opvoedingswetenskappe
- Prof Thys Human, Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
- Me René Koraan, Fakulteit Regte
- Dr Colin Read, Fakulteit Natuurwetenskappe
- Mnr Frikkie van der Merwe, Fakulteit Ingenieurswese

VAALDRIEHOEKKAMPUS

- Me Wilma Coetzee, Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie
- Mnr Leonard Loftus, Fakulteit Geesteswetenskappe

fakulteite en tussen koshuise." Volgens dr Theuns leer die projek ook studente-leiers om innoverende planne uit te dink om meer studente betrokke te kry by die stemproses.

** Weens 'n te lae stempersentasie in die Fakulteit Regte op die Mafikengkampus, is daar nie vanjaar 'n wenner in dié fakulteit aangewys nie.*



▲ Agter van links is prof Thys Human, dr Ashmore Mawire, dr Aubrey Golightly, prof Jorrie Jordaan en dr Colin Read. In die middel van links is mnr Leonard Loftus, me René Koraan, me Minnet du Preez, me Alicia Fourie, mnr Pieter-Henk Boer en mnr Frikkie van der Merwe. Voor van links is mnr Andre Bechuke, prof Martin Oosthuizen (adjunk-visekanselier vir onderrig-leer), me Inge Kühne (nuusredakteur, Rapport), dr Theuns Eloff (visekanselier) en me Wilma Coetzee.

Nuwe leiers neem die voortou

Hoe nou gemaak as mens moet kies tussen twee uitstekende kandidate vir die pos van visekanselier?

'n Goeie oplossing is om 'n besluit te neem waarvolgens al twee se kundigheid benut kan word.

Dit is presies wat die NWU-raad gedoen het toe hulle op 22 November 2013 vir prof Dan Kgwadi as nuwe visekanselier en prof Herman van Schalkwyk as adjunkhoof van die NWU aangestel het.

Prof Dan is die rektor van die Mafikengkampus en prof Herman die rektor van die Potchefstroomkampus. Dit was juis in die lig van hul uitstaande kampusprestasies die afgelope jare dat die raad die besluit geneem het.

SAAM-SAAM VORENTOE

Prof Dan neem op 1 Junie 2014 die leisels oor by die huidige visekanselier, dr Theuns Eloff, en sal die pos vir ses jaar beklee.

Dr Theuns se termyn eindig op 31 Mei 2014. Tot dan sal prof Dan saam met hom werk om stabiliteit en 'n soomlose oorgang te verseker. Nog iets wat die oorgang makliker sal maak, is dat die Statuut van die NWU bepaal dat die visekanselier – prof Dan – sekere bestuurs-, administratiewe en toesighoudende pligte aan prof Herman kan opdra.

Prof Herman sal ook waarneem as visekanselier wanneer prof Dan nie by die universiteit is nie. In die lig hiervan het die Raad prof Herman se termyn as rektor in ooreenstemming met die termyn van die visiekanselier verleng.

STRATEEG WORD REGISTRATEUR

Buiten die aanstelling van die visekanselier en die adjunkhoof, het die Raad ook op 22 November vir prof Marlene Verhoef as nuwe institusionele registrateur aangestel.

Prof Marlene het die pos op 1 Januarie 2014 aanvaar. Haar termyn is ook ses jaar.

Voor hierdie aanstelling was sy die bestuursadviseur vir strategieë en projekte in die kantoor van die visekanselier.

Prof Marlene is 'n bekende taalspesialis en dien op die PanSAT-taaltribunaal.

Sy volg prof Themba Mosia op wat tans by die Universiteit van Pretoria werk.

Eish! het met prof Dan gesels oor sy aanstelling as visekanselier – lees gerus die artikel op p 10 en 11.

So benader ek uitdagings

Eish! wou by die drie leiers weet wat hulle as uitdagings beskou en hoe hulle dit benader. Hier is hul antwoorde:

Prof Dan Kgwadi: "Een van die grootste uitdagings vir my is om nie diegene wat vertroue het in my leierskap, teleur te stel nie. Ek wil ook die vertroue van skeptici wen. "My benadering tot uitdagings is om kalm te bly en op die doelwit te bly fokus."

Prof Herman van Schalkwyk: "My lewensfilosofie is dat daar geen plaasvervanger vir uitnemendheid is nie. Ek beskou dit ook as 'n uitdaging om mense te motiveer om passievol oor hulle werk te voel."

"Ek is 'n spanspeler en deur energie en rigting aan my spanspelers te verskaf kan enige uitdaging aangepak word. Dit is ook belangrik om meganismes in plek te hê om risiko's te voorkom en aksieplanne om probleme wat mag opduik, te hanteer."

Prof Marlene Verhoef: "Ek glo dat dit deur uitdagings is dat 'n mens jou eie swakhede en sterktes leer ken. Dis hoekom dit so belangrik is dat ons nooit mag moegword om onself te bly uitdaag en om bereid te wees om in 'n uitdagende omgewing te bly werk nie. Die NWU skep ruim geleentheid hiervoor."

"My benadering hieroor is om diep asem te haal; met mense saam te werk wat ook hou van adrenalien; so goed as moontlik voor te berei; en dan voluit te gaan terwyl ons fyn bly kyk of dinge regloop. Ook om dan die moed aan die dag te lê om reg te maak as die uitdaging se afloop anders is as wat ons beplan het."



Hulle sê hul sê oor astronomie

Twee personelede van die NWU is gekies as lede van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) se Astronomie-adviesraad.

Hulle is prof Frikkie van Niekerk, die NWU se adjunk-visekanselier vir navorsing, innovasie en tegnologie in die Institusionele Kantoor, en prof Rodney Medupe van die Skool vir Wiskundige en Fisiese Wetenskappe op die Mafikengkampus.

Hul ampstermyn het op 1 November 2013 begin en hulle sal tot 31 Oktober 2016 op die adviesraad dien.

Die NNS se Astronomie-adviesraad help die NNS om te verseker dat die Suid-Afrikaanse astronomielandskap ontwikkel en gekoester

word om die beste belange van nasionale astronomie te dien.

Die adviesraad sal twee keer per jaar vergader.

Prof Frikkie sê sy insluiting op die raad laat hom geëerd maar nederig voel. Hy sê dit is 'n groot verantwoordelikheid om deel te wees daarvan.

“Die raad sal 'n toesighoudende funksie hê om seker te maak dat groot beleggings in astronomie goed bestuur word, en dit sal die wetenskapsgemeenskap optimaal bevoordeel.”

“Op die oomblik is daar baie opwindende projekte en verwickelings in astronomie, soos die Suider-Afrikaanse Groot Teleskoop (SALT*) in Sutherland en die konstruksie van die Karoo Array-teleskoop**.

Dit is wonderlik om deel te wees van dit alles,” sê hy.

Prof Rodney sê dit is vir hom 'n groot eer dat sy kollegas in die Suid-Afrikaanse astronomiegemeenskap vertroue het in sy vermoë om by te dra tot die vooruitgang van astronomie.

“Ek voel veral bevoorreg dat die Mafikengkampus en ons universiteit in die middelpunt van hierdie verwickelings en besprekings rondom die toekoms van astronomie sal wees.”

Prof Frikkie van Niekerk

Prof Rodney Medupe

* SALT (foto) is die grootste alleenstaande optiese teleskoop in die suidelike halfrond en een van die grootstes ter wêreld.

** Die Karoo Array-teleskoop (MeerKAT) is die voorloper van die Vierkantekilometeropstelling-teleskoop (SKA). SKA sal een van die grootste en kragtigste radioteleskope in die wêreld wees.

Ná 10 jaar begin dit alles (steeds) hier

Tien jaar gelede het 'n groep moedige mense 'n reusesprong die toekoms in gewaag toe hulle die NWU tot stand gebring het.

Sedertdien het dié waagmoed 'n menigte ander in staat gestel om reusespronge in hul toekoms in te maak.

In die afgelope dekade het die NWU die plek geword waar mense se drome begin het. Hier het hulle die geleentheid gekry om te presteer en kon hul beste selfs nog beter word.

SPOG MET PRESTASIES

“Die viering van die NWU se tiende bestaansjaar bied die ideale geleentheid om met dié prestasies te spog,” sê mnr Louis Jacobs, direkteur vir korporatiewe kommunikasie en belanghebberverhoudinge by die Institusionele Kantoor.

Hy sê die departemente vir bemerking en kommunikasie op die verskillende kampusse, saam met Institusionele Bevordering by die Institusionele Kantoor, beplan verskeie aktiwiteite vir die tienjaarvieringe. (Sien langsaan.)

WEES DEEL VAN VIERINGE

Talle belanghebbergroepe, byvoorbeeld personeel, studente, alumni en donateurs, sal by die veldtog – bekend as “Tot die tiende mag” – betrek word.

Van die aktiwiteite sal op die kampusse plaasvind, terwyl ander via die nasionale media op mense buite die universiteit gerig sal wees.

“Op 1 Januarie 2004 het alles begin, maar vandag, 10 jaar later, ontwikkel die NWU steeds. Vooruitgang verg deurlopende groei, want die strewende na grootheid is 'n voortgaande proses,” sê dr Theuns Eloff, NWU-visekanselier.

“Op die drumpel van die tweede dekade, sê ons steeds: Dit begin alles hier.”

Vier fees ¹⁰

Onder meer die volgende 10 aktiwiteite word beplan:

01



Alumni-geleentheid in 2014 fokus op die tienjaarbestaan.

06



Kampustoere fokus op 10 betekenisvolle plekke op elke kampus

02



Stel 10 belangrikste gemeenskapsprojekte bekend in koerantadvertensies of -bylaes.

07




Toptien-toesprake tydens verskeie geleenthede stel opinieleiers wat van die NWU af kom bekend.

03



Studente stem vir toptien-liedjies op kampusradiostasies.

08



Fakulteite stel hul toptienfeite of -prestasies bekend en reël funksies om die tienjaarbestaan te vier.

04



Reusebaniere teen geboue op die kampusse weerspieël prestasies en groeisyfers.

09



Personeel, studente en alumni se foto's van die kampusse verskyn op sosiale media en die beste 10 wen pryse.

05



Kampusse organiseer 10 km-wedlope vir hul belanghebbers.

10



Klerereeks wat die tienjaarveldtog uitbeeld is op alle kampusse te koop, ook items soos drasakke en selfoonsakkies.

Speak Out! en word gehoor



'n Groep NWU-personeel van die fakulteite Opvoedingswetenskappe en Lettere en Wysbegeerte op die Potchefstroomkampus het in 2013 'n nuwe gespreksforum, Speak Out!, begin. Eish! het met die organiseerders, prof Robert Balfour en mnr Jacques Rothmann*, oor die Speak Out!-seminare gesels.*

V: Wat is Speak Out!?

A: Dit is 'n spesiale reeks interdisiplinêre vak-kundige besprekings oor onderwerpe soos geslag (gender), ouderdomsdiskriminasie, klassediskriminasie, seksualiteit, ras en spiritualiteit.

Dit vind plaas in die vorm van paneelbesprekings en ons beplan om 'n reeks besprekings in 2014 aan te bied.

V: Fokus die Speak Out!-seminare hoofsaaklik op die Potchefstroomkampus?

A: Die eerste seminaar, oor seksualiteit, het op die Potchefstroomkampus plaasgevind. Maar ons doel is om insette van studente en

personeel van al die NWU-kampusse te kry – oor kwessies wat hulle direk raak in hul werk of studies.

V: Waarom is daar begin met Speak Out!?

A: Ons het gevoel dat daar geen oop akademiese forum was waar kwessies van kritieke belang vir ons demokrasie in die universiteits-omgewing bespreek kon word nie.

Omdat mense verskillend is, wil Speak Out! help om beter begrip te skep van hierdie verskille en sodoende by te dra tot meer gunstige studie- en werktoestande vir die NWU-gemeenskap. Ons het gevind dat daar veral 'n behoefte is rondom kritieke kwessies van geslag, ras, godsdiens en seksuele oriëntasie.

Speak Out! wil die gedeelde ooreenkomste tussen mense benadruk as boustene vir beter begrip en samewerking.

V: Sal Speak Out! ook ander kwessies aanraak?

A: Ons is oop vir ander onderwerpe. Afhange van die onderwerp kan besprekings aanleiding gee tot ander kwessies en debatte.

Ons voel dit is belangrik vir die NWU-gemeenskap om te verstaan dat mense verskil. Mense mag nie uitgesluit word net omdat hulle anders is nie.

V: Wat is sentraal tot al die Speak Out!-seminare?

A: Menseregte is die vertrekpunt van al die seminare. Speak Out! is gemoeid met die ontwikkeling van die algemene belang en handhawing van die waardigheid van elke persoon wat in die universiteitsomgewing werk.

V: Wat is die uiteindelijke oogmerk van Speak Out!?

A: Ons hoop op verandering deur besprekings te organiseer wat mense sal motiveer om dinge anders te doen.

Speak Out! wil mense aanmoedig tot optrede. Verandering is net moontlik as mense bereid is om werk te maak van belangrike kwessies.

Vir verdere inligting oor die volgende Speak Out!-seminaar of om betrokke te raak, bel prof Robert by x99 1610 of Jacques by x99 1595.

** Prof Robert is die dekaan van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe en Jacques is 'n senior lektor in Sosiologie. Albei is van die Potchefstroomkampus.*



Volg dié riglyne vir e-posse

NWU-personeel spandeer elke dag baie tyd daaraan om e-posse vir mekaar en na buite die universiteit te stuur en om inkomende e-posse te lees.

Geen wonder dus dat die Instusionele Bestuur onlangs riglyne vir effektiewe e-posgebruik goedgekeur het nie.

Die riglyne is op 27 November 2013 aanvaar en ondersteun prof Marlene Verhoef, die nuut aangestelde instusionele registrateur, se projek om onnodige burokrasie by die NWU uit te skakel.

SO Vlieg die E-POSSE

Eish! wou weet naasteby hoeveel e-posse heen en weer vanaf en na e-posgebruikers by die NWU gestuur word.

Nadat die e-posgebruik op 5 Desember 2013 en 6 Januarie 2014 (twee redelike 'stil' dae by die universiteit), dopgehou is, is die uitslae soos volg:

- E-posse in GroupWise ontvang van buite die universiteit en van ons stelsels af (onder meer Oracle, eFundi, Share, SMP en Call IT):

5 Desember 2013: 100 889 e-posse
6 Januarie 2014: 79 855 e-posse

- E-posse vanaf GroupWise na buite gestuur:

5 Desember 2013: 17 994 e-posse
6 Januarie 2014: 17 596 e-posse

Let wel: hierdie syfers sluit nie die e-posse in wat GroupWise-gebruikers vir mekaar gestuur het nie.



Moenie e-posse vir kommersiële doeleindes gebruik nie.

Jy mag nie met jou e-posgebruik die NWU-reëls en/of -beleide oortree nie.

Jou e-posse mag nie 'n verleentheid vir die NWU veroorsaak of 'n reputasie-risiko inhou nie.

Moenie e-posse aanstuur wat immoreel is of ander mense intimideer of teister nie.

Moenie onwettige materiaal aflaai nie.

Moenie ketting-e-posse stuur of aanstuur nie.

Moenie jou e-pos aan mense stuur wat dit nie regtig hoef te kry nie.

Moenie op 'n e-pos antwoord as jy omgekrap of ontsteld is nie.

Moenie aanhangsels van onbekende bronne af oopmaak nie – pasop vir virusse!

Moenie onnodige antwoorde op jou e-pos vra nie. Sê liever: "As ek teen Maandag nog niks van jou hoor nie, sal ek aanvaar jy het nie nominasies nie."



Dink mooi: is dit regtig nodig om die beoogde e-pos te stuur?

As dit nodig is om meer as drie e-posse agtermekaar te stuur, bel liever, of belê 'n vergadering.

Gebruik *reply all*, *carbon copy* en *blind copy* spaarsaam.

Dui in die onderwerpblokkie van jou e-pos reeds aan wat jy gedoen wil hê.

Hou die inhoud eenvoudig, kort en duidelik.

Vra net ontvangserkenning op jou e-pos vir mense buite die universiteit. (Jy kan mos op die stelsel sien of interne mense jou e-pos gelees het.)

Dit is dalk goeie maniere om 'n e-pos terug te stuur net om dankie te sê, maar vermy dit liever.

Gebruik die goedgekeurde NWU-handtekening onderaan jou e-pos wanneer jy eksterne e-posse uitstuur.

Kontak gerus vir Marelize Santana by marelize.santana@nwu.ac.za vir enige navrae of hulp hiermee.



Hy staan

Prof Dan Kgwadi, nuwe visekanselier van die universiteit, sê sy visie is dat die NWU met diverse en sosiaal geïntegreerde kampusse as prototipe van eenheid en 'n suksesmodel deur alle instansies dwarsoor die wêreld gesien sal word. Eish! het hom gepols oor die uitdagings van sy nuwe posisie en sy visie vir die universiteit.

Prof Dan is 'n gesinsman vir wie familiewaardes 'n belangrike prioriteit is. "Vir my as Afrikaan is die definisie van familie buigsaam. Ek kan nie na my kinders verwys sonder om my studente daarby in te sluit nie," verklaar hy.

Op die vraag van hoeveel kinders hy het, antwoord hy met 'n glimlag dat hy eers die NWU se registrateurs oor die jongste registrasiesyfers sal moet raadpleeg. As visekanselier van die NWU is hy dus 'n man met vele 'kinders'.

Familieverpligtinge is in sy oë goddelike opdragte wat ook personeelwelstand anker.

HY STAAN NIE TERUG VIR 'N UITDAGING NIE

Toe prof Dan vir die visekanselierskap se onderhoude voorberei het, het hy sy dogter, Ofentse, gevra om hom te beskryf. Hy sê haar antwoord was in die kol.

"Sy het gesê dat ek iemand is wat daarvan hou om nuwe dinge te beproef en dat ek nooit bevooroordeeld is nie."

Hy glo dat hierdie karaktereienskappe hom in staat sal stel om al sy nuwe uitdagings as visekanselier met entoesiasme aan te pak.

pa vir NWU-familie

EENHEID IN DIVERSITEIT

"Ek sien daarna uit om die gevoel van eenheid tussen die drie NWU-kampusse te versterk," sê hy.

Prof Dan wil 'n verenigde NWU-handelsmerk skep en beter samewerking en sinergie regoor die kampusse aanwakker. Hy wil ook verseker dat die NWU se prestasies op dieselfde hoë vlak gehandhaaf word.

Hy voorsien ook 'n dieper gees van vertroue by die NWU. "Dit is belangrik om 'n bevorderlike werksomgewing te verseker. Die Noordwes-Universiteit moet 'n tweede tuiste vir sy personeel en studente wees."

In 'n onlangse onderhoud met die dagblad *Beeld* het hy homself beskryf as 'n spanbouer wat daarna strewende om mense bymekaar te bring. "Die Raad van die NWU sal nooit spyt

wees dat hulle my as visekanselier het nie. Ons sal hande vat en saamwerk om hierdie universiteit tot hoër hoogtes aan te spoor."

RUSTIG EN GEFOKUS

Hy glo dat 'n kalm, gefokusde benadering die sleutel is wanneer sensitiewe sake soos taal en transformasie aangeroe word.

"Wanneer sulke emosionele kwessies ter sprake kom, moet mens altyd kalm en rasioneel bly. Dit is belangrik om besluite te neem wat ten alle tye deur die Grondwet gerig word," sê hy.

Hy het hierdie rustige houding aangeleer by sy rolmodel, prof Simon Taole (eers departementshoof by Fisika en later dekaan), toe prof Dan nog 'n jong dosent was. "As fisikastudent het hy my geleer om nooit 'n probleem te probeer oplos voor ek nie die presiese aard daarvan begryp nie."

Met hierdie raad in sy agterkop wend prof Dan hom altyd tot hierdie oorsaakontledingsvaardighede wanneer hy 'n konfliktsituasie moet hanteer.

Prof Dan sê dat nog 'n mentor, prof Jan Smit (sy PhD-studieleier) hom geleer het om nooit mededingers openlik te kritiseer nie, maar om eerder op sy eie doelwit te konsentreer.

"Hy het altyd gesê: 'Met Noag in die gehoor moet jy versigtig wees wat jy oor die vloed kwytraak'. Hy het my geleer om met respek van ander te verskil."

Hoewel prof Dan homself oor die algemeen as rustige siel bestempel, is daar een ding wat sy bloed laat kook.

"Dit maak my somer naas as iemand handel of oordeel op grond van 'n stereotipe of vooroordeel.

Om Moeder Teresa aan te haal: As jy mense oordeel, is daar nie tyd om hulle lief te hê nie," sê hy.

GEBALANSEERDE TEENWOORDIGHEID OP AL DRIE KAMPUSSE

"Die NWU is 'n virtuele universiteit met sy setel in Potchefstroom.

"Bo en behalwe my sigbaarheid en teenwoordigheid in Potchefstroom, is dit vir my belangrik om ewe sigbaar op beide die Mafikeng- en Vaal-driehoekkampus ook te wees," sê prof Dan.

Hy sien uit daarna om sy teenwoordigheid in Potchefstroom en Vanderbijlpark te vestig, nes hy dit reeds in die Mahikeng-gemeenskap gedoen het.

Prof Dan gaan verhuis, omdat hy glo dis belangrik om te woon waar jy werk. "Ek is opgewonde om deel te word van die Potchefstroomgemeenskap, insluitende Ikageng en omliggende dele."

Interessante ooreenkomste oor prof Dan:

Geliefkoosde boek: Georgette Ayittey se *Defeating Dictators*.

Geliefkoosde fliëk: Ek het nie 'n gunstelingfliëk nie.

Geliefkoosde musiek: Ek luister graag na Gospel en Reggae.

Geliefkoosde kos: Pap en spinasie.

Geliefkoosde vakansie: Ek geniet dit om 'n dag saam met familie te spandeer.

My gesin: Ek is getroud met Mabel en ons is geseën met 'n dogter, Ofentse (16).

Wat ek graag vir ontspanning doen: Ek hou daarvan om in my tuin te werk.

Watter soort kind was ek? My ma was 'n enkelouer (geskei) en het haar bes gedoen om ons kinderlewens so sorgvry moontlik te maak.

Ten spyte hiervan moes ek, die oudste, tog maar as vaderfiguur optree. Ek het letterlik my naam, Ntate (vader), uitgeleef.

Terwyl meeste kinders van my ouderdom baie min gehad het om hulle oor te kwel, het ek geleer om verantwoordelik te wees.

Wat is my passie? Ek het 'n passie daarvoor om minder bevoorregte gemeenskappe te dien. Ek wil hulle bevoordelig tot volhoubare ontwikkeling.

Ons kampus is 'n voorkeurinstansie



Daar was nie plek vir 'n muis in die Great Hall toe meer as 4 000 ouers en eerstejaars die jaarlikse oerbyeenkoms bygewoon het nie.

die registrasieproses begelei is, het lede van die bestuur hulle ingelig oor verblyf en finansiële sake.

Prof Dan Kgwadi, die kampusrektor, het hulle ook van hul veiligheid op kampus verseker.

“Die kampus volg 'n zero-toleransie-benadering wat geweld betref, en die veiligheid van elke student op die kampus is vir ons 'n prioriteit.”

Studente uit alle kringe het hul ervarings op kampus gedeel, en sodoende die volgende woorde van die kampusrektor bevestig: “Ons kampus aanvaar alle kulture, rasse en gelowe. Vir ons beteken 'gebrek aan' nie sonder potensiaal nie.”

Sonntag, 19 Januarie 2014, is ouers en eerstejaars uit Suid-Afrika en ander dele van Afrika oudergewoonte tydens die jaarlikse oerbyeenkoms op die kampus ontvang.

Hierdie byeenkoms bied jaarliks aan kampusbestuur die ideale geleentheid om al die eerstejaarstudente persoonlik welkom te heet voor die registrasieproses begin. Voordat die studente en hul ouers deur

Kyk na die toekoms van kernenergie

Die toekoms van kernenergie in Suid-Afrika is deeglik bespreek toe meer as 200 vakkundiges in Desember 2013 by die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Jong Kernvakkundiges (*South African Young Nuclear Professionals Society*) se kernspitsberaad byeengekomp het.

Die gebeurtenis – wat met die kampus se samewerking georganiseer is – is die vereni-

ging se eerste spitsberaad; daar word egter beplan om dit 'n jaarlikse instelling te maak. Volgens mnr Gaopalelwe Santswere, voorsitter van die vereniging, was dit hoog tyd vir so 'n funksie.

“Ons, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Jong Kernvakkundiges, sou graag hiervan 'n jaarlikse gebeurtenis maak, en ek is bly om te sien dat dit lyk asof ons 'n goeie begin gemaak het.

“Die sektor opsigself vereis 'n almal-aan-dekbenadering sodat gemeenskaplike doelwitte bereik kan word.”

Ander belangrike sprekers was mnr Bulelani Magwanishe, adjunkminister van openbare ondernemings, mnr Brian Dames, HUB: Eskom, dr Bismark Tyobeka, HUB: Nasionale Kernreguleerder, en mnr Leslie Sedibe, HUB: Trots Suid-Afrikaans.





Ons verwelkom 2014 se eerstejaars

▲ 'n Snikhete Noordwes-oggend was duidelik geen teenvoeter vir die klas van 2014 nie en die kampus het behoorlik uit sy nate gebars.

Die kampusrektor, prof Herman van Schalkwyk, het nagenoeg 4 000 eerstejaars studente, hul ouers en familielede Saterdag 11 Januarie 2014 verwelkom. Prof Herman het die studente en hul ouers daarop gewys dat vanjaar se groep 'n besondere mylpaal in die

land se geskiedenis asook die kampus verteenwoordig.

"Julle is 'n nuwe geslag, die sogenaamde 'born free' studente wat gebore is na 1994," het hy gesê.

"Vanjaar, 20 jaar later, herdenk ons dan ook Suid-Afrika se 20 jaar van demokrasie. Die jaar 1994 was nie net die waterskeiding tussen die Ou en Nuwe Suid-Afrika nie.

"Dit was ook 'n mylpaal vir die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit, wat toe sy 125ste bestaansjaar gevier het en vanjaar dus sy 145ste bestaansjaar vier."

Sy verwelkomingsboodskap was eweneens een van gerusstelling en aanmoediging.

Kortom gestel dat ieder en elke eerstejaar die nuwe hoofstuk van hul lewe met oorgawe aandurf.

Student neem unieke video van vis wat voël vang

Vir die eerste keer ter wêreld is op video vasgelê hoe 'n tiervis wat deur die water klief 'n swaeltjie in vlug bo die water vang.

Dié unieke gedrag van die varswatertiervis (*Hydrocynus vittatus*) is deur 'n nagraadse student, Francois Jacobs, op die Schrodadam in die Limpoporivier op video vasgelê.

Francois was besig met bio-telemetrie-studies in die dam waar hulle tiervisse met radiosenders gemerk het om hulle

gedrags- en swempatrone te monitor. Dié studie het gewys dat die tiervis se gedrag soggens en laatmiddag begin verander.

"Ek het die visse se gedrag begin dophou en het verskeie kere gesien hoe die tiervis spring wanneer die swaeltjies kom water drink in die dam.

"Ek het besluit om my videokamera saam te neem en het ure en ure se materiaal opgeneem voordat ek gelukkig genoeg was om dit te kon vaslê."

Volgens Francois se studieleier, prof Nico Smit, direkteur van die Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur, is die tiervis hoofsaaklik 'n jagvis, maar is die feit dat hy voëls uit die lug vang, 'n totaal ander dimensie.

"Daar is gedokumenteerde gevalle van varswatervis wat voëls vang, maar dit is stilstaande voëls langs die water of wat op stokke in die water sit."

Die video kan besigtig word by <http://www.youtube.com/watch?v=vqL1aXabUY8> en die skakel na die artikel is <http://onlinelibrary.wiley.com/doi/10.1111/jfb.12278/full>



Hier staan Francois Jacobs met een van die tiervisse wat hulle in Schrodadam gemerk het.

MBA word wêreldwyd erken

Die MBA-program van die Potchefstroom Besigheidskool (PBS) is internasionaal geakkrediteer deur die gesaghebbende Association of MBAs (AMBA) in Londen.

Die PBS is slegs die vyfde besigheidskool in Suid-Afrika en een van 200 skole wêreldwyd wat deur AMBA erken word. Ná die ontvangs van hierdie internasionale erkenning kwalifiseer die skool dus om getel te word onder Afrika se beses.

Die PBS se MBA-program is intensief volgens 150 kriteria geassesseer. Die assesseringsareas het ingesluit die instelling as geheel, die personeel (beide akademies en ondersteunend), programbestuur, navorsing en die kurrikulum, sowel as die program se modus en duur.

Akkreditasie deur AMBA word vir drie jaar toegestaan, waarna evaluasie weer plaasvind.

Kampus bars uit sy nate

Die amptelike verwelkoming van die eerstejaarstudente het Saterdag, 1 Februarie 2014 plaasgevind.

Tydens die geleentheid – wat as 'n hoogtepunt van die akademiese jaar beskou word – het studente en ouers die geleentheid gehad om die lede van die kampusbestuur sowel as van die verskillende studenteliggame te ontmoet.

Vanjaar se registrasieproses is oor drie dae uitgerek, waarna die nuwe eerstejaars aan die Ontvangs- en Oriënteringsweek (OOW) deelgeneem het. OOW het alle eerstejaars die geleentheid gebied om vertrouwd te raak met die studente en om hulleself behoorlik tuis te maak in hul onderskeie koshuise. Hulle het ook die akademiese bal aan die rol gekry deur die verpligte akademiese geletterdheidstoets en 'n rekenaarsvaardigheidstoets af te lê.



Die kampus het uit sy nate gebars met meer as 2 000 eerstejaarstudente wat beoog om vir die nuwe akademiese jaar te registreer.



Foto: Cornél van Heerden

Só raak myne gemeenskappe

Die afgelope tyd is die betogings oor dienslewering in Bekkersdal, wat in die plaaslike munisipaliteit van Westonaria geleë is, gereeld in die media.

Alhoewel kritici dikwels verkies om óf die huidige regering óf die vorige apartheidsregering vir die stand van gemeenskappe soos Bekkersdal te blameer, is dit egter nie so eenvoudig nie.

'n Navorsingsgroep onder leiding van prof Elize van Eeden van die Skool vir Basiese Wetenskappe het besluit om die vele faktore wat tot die probleme van die Bekkersdal-gemeenskap bydra, te ondersoek.

Die navorsers het 'n geïntegreerde multidisiplinêre navorsingsbenadering gevolg. Hulle het die toestand van die Bekkersdal-gemeenskap ondersoek deur op temas soos plaaslike regering en ekonomiese, ekologiese, maatskaplike, fisiese en emosionele welsyn te fokus. Hulle het ook gekyk na die werklikheid wat die lede van die

gemeenskap op grondvlak ervaar. Dit is veral met betrekking tot werk, behuising, gesinslewe, sosiale interaksie, ontspanning, gesondheid, sekuriteit, die omgewing, finansiële sekuriteit en onderwys.

In 2013 is 'n vraelys saamgestel wat al die verskillende faktore wat hierdie myngemeenskap se welsyn beïnvloed, dek en 500 inwoners van Bekkersdal se ervarings en opinies is so ingewin. Die resultate van hierdie vraelyste word tans ontleed, en 'n akademiese artikel word in die vooruitsig gestel.

'n Belangrike resultaat is die insameling en ontleding van data rakende die totale impak van mynaktiwiteite op omliggende gemeenskappe.

Nog 'n resultaat is die verkryging van data en ervaring oor die uitdagings en voor- en nadele van die gebruik van 'n geïntegreerde multidisiplinêre navorsingsmetode.

Kampusgemeenskap wag gretig op nuwe biblioteek

Albert Einstein het eenmaal gesê dat die enigste ding wat 'n mens moet weet om sukses in die lewe te behaal, is waar die biblioteek geleë is. Vir die kampusgemeenskap lê die antwoord hierop in gebou 13!

In die weke tot met die voltooiing van die R60 miljoen-fasiliteit, glo me Hendra Pretorius, die biblioteekbestuurder, dat dit baie meer as net nog 'n uitbreiding van die infrastruktuur verteenwoordig.

“Die nuwe biblioteek dien as simbool van die kampus se verbintenis tot lewenslange leer en gereedheid vir die toekoms,” sê Hendra. Die nuwe fasiliteit – wat as die Inligtingsmeent sal

bekendstaan – sal verskeie eenhede huisves, soos Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning, Studentevoorigting en Ontwikkeling en die skryflaboratorium, asook die South African Water History Archival Repository. Ander toevoegings sluit 'n 24-uur-studie- en rekenaarlaboratorium, 'n kopieerwinkel en 'n koffiewinkel in.

Die Inligtingsmeent sal 687 sitplekke (voorheen 246) en 178 rekenaars (voorheen 38) hê. Hierbenewens sal gebou 13 ook met die volgende nuwe toevoegings spog: 'n honneurskamer, 'n meestersgraad- en PhD-meent, vertrekke vir groepsbesprekings, individuele studiehokkies, opleidingsvertrekke en lesingkamers.

NWU-kundiges kén hul storie

Lede van die NWU deel voortdurend hul kundigheid met die gemeenskap waar ook al die geleentheid hom voordoen – tydens toesprake of onderhoude met die media. In ons voortgaande reeks deel ons graag die volgende aanhalings met ons lesers.



Elke gesprek waarin ons in mekaar se moedertaal met mekaar praat, het die potensiaal om hartgesprekke te word... Ons moet ernstig wees oor nasieskap en versoening in Suid-Afrika en daar sal baie moeite gedoen moet word om mekaar se tale te leer ken. Dis wanneer ons in mekaar se metafore en leefwêreld inkom dat ons geloofwaardigheid gaan verbeter. ”

Prof Marlene Verhoef, institusionele registrator

'Versoening: Ons moet mekaar se taal leer', Rapport, 4 Januarie 2014



Deesdae het almal 'n mediastem op die internet (en sosiale media). Onthou: laster is enige publikasie van woorde wat iemand se goeie naam skaad. Al weet jy iemand is 'n skurk, mag jy dit nie in die openbaar sê of skryf nie. Jy moet dit kan bewys en soms is dit moeilik en baie duur. ”

Prof Johannes Froneman, Skool vir Kommunikasie-studies, Potchefstroomkampus 'Potch-sakeman eis na woorde op Facebook', Beeld, 15 November 2013



Sonder navorsing is Suid-Afrika se ekonomiese en akademiese welvaart tot ondergang gedoem. Suid-Afrika moet meer doen om die vlak van kundigheid in veral gespesialiseerde rigtings soos ingenieurswese, gesondheidswetenskap, natuurwetenskap en rekeningkunde te bevorder, waarsonder 'n land se ekonomie slegs op gebrekkige wyse sal funksioneer. Daar is egter 'n struikelblok met die ontginning van Suid-Afrika se navorsingspotensiaal. Die land kan nie navorsers ontwikkel terwyl die gehalte van skoolonderrig problematies is nie. ”

Prof Herman van Schalkwyk, rektor, Potchefstroomkampus 'Navorsing die sleutel', Volksblad, 26 Desember 2013

Die hoër slaagsyfer (van matrieks) is misleidend en ons bejeën die verbeterende sukseskoers met skeptisisme. As dit inderdaad aan't verbeter is omdat die vlak van onderwys verbeter, is dit 'n goeie ding, maar daar is baie aanduidings dat dit nie die geval is nie. ”

Dr Theuns Eloff, visekanselier 'Matrics will pass in record numbers', City Press, 5 Januarie 2014



Die samelewing stel nie belang in die gebruik van Afrikatale nie. Dit hou nie net 'n bedreiging in vir die tale nie, maar ook vir die Afrika-erfenis en -kultuur. Gesinne wil hê dat hul kinders Engels moet praat eerder as hul eie tale. Hulle word ontmoedig om ons Afrikatale te praat en sodoende word hulle ook ontmoedig om enigiets te lees wat in ons eie tale geskryf is. ”

Mnr William Mashike, Skool vir Onderwysersopleiding, Mafikengkampus 'Apathy towards African language discourages writers', SAUK Nuus, 24 November 2013





Voedsame etes verseker goeie prestasie

Die NWU se mense is nie net harde werkers nie, hulle leef ook voluit en is dikwels betrokke by liefdadigheidswerk. In ons reeks oor interessante NWU-personeel, kuier ons by 'n personeellid wat probeer seker maak dat behoeftige studente daaglik 'n voedsame maaltyd kry.

Me Marina Louw het besef daar is talle talentvolle en toegewyde studente wat nie net 'n behoefte het aan studiegeld nie, maar ook aan voedsame maaltye.

Marina, administratiewe beampte by Finansiële Steundienste op die Potchefstroomkampus, het daaglik te doen met studente in nood wat by hulle aanklop vir etes.

Dit het haar geïnspireer om haar eie, onafhanklike projek, Meal Buddy, te begin om broodnodige donasies van buite die NWU in te samel om te verseker dat behoeftige studente genoeg kos kry.

VENNOOTSKAP VERSEKER MAALTYE

Marina sê met Meal Buddy spoor sy die Potchefstroomgemeenskap sowel as studente aan om geld te skenk waarmee kruideniersware vir kospakkies gekoop kan word.



"Die nood is groot en ek weet ek kan nie hierdie projek alleen aanpak nie. Dit is waarom Meal Buddy baie nou saamwerk met die NWU se InGrypsentrum."

Marina gee al die fondse aan me Lenie Kotze, maatskaplike werker by die NWU se InGrypsentrum. Lenie het met die insette van 'n dieetkundige 'n daaglikse voedsame maaltyd beplan.

Dié gesonde ete verseker dat studente hul optimaal op hul studies kan toespits.

Die kostes per student beloop R1 200 per maand, waarvan R500 uit die NSFAS-lenings gesubsidieer word. Die res moet deur skenkings aangevul word.

Studente word geëvalueer en die kospakkies word streng volgens 'n lys saamgestel om te verseker dat elke behoeftige student dieselfde voedsame maaltye kan geniet.

Die studente kry leiding hoe om maaltye voor te berei sodat die kospakkie vir 'n maand kan hou. Die kospakkies sluit ook broodnodige toiletbenodighede in.

Marina verwys ook studente wat werklike nood het na die InGrypsentrum vir klere en meubels, waaronder lessenaars en matrasse.

BYDRAES BLY 'N UITDAGING

Die Meal Buddy-projek se grootste uitdaging is om genoeg geld in te samel waarmee 'n bedui-

◀ Me Lenie Kotze by die kruideniersware in die InGrypsentrum se stoor waarmee maandpakkies vir studente saamgestel word. Lenie het einde Januarie afgetree, en is opgevolg deur me Petro Boshoff.



▲ Me Marina Louw wil 'n verskil maak deur te verseker dat behoeftige studente daaglik 'n gesonde maaltyd kan nuttig.

dende verskil gemaak kan word, aangesien die nood voortdurend groter word.

Daarom probeer Marina om plaaslike kerke, ondernemings en inwoners betrokke te kry by die projek. "Deur betrokke te raak, kan elkeen 'n verskil maak," sê sy.

Meal Buddy is nie 'n NWU-projek nie, maar word deur individue wat vir die universiteit werk as 'n projek sonder winsbejag bestuur.

As jy 'n donasie wil maak of meer wil weet oor die projek, skakel Marina by uitbreiding x99 2050 of die InGrypsentrum by x99 1919.

* 'n Amptelike NWU-projek wat in die voedselbehoefte van behoeftige studente dwarsoor die NWU voorsien, is die Meal a Day-projek wat deur Institusionele Ontwikkeling en Alumni-sake bestuur word.

* As jy weet van 'n kollega wat iets besonders of interessants in sy of haar lewe buite die universiteit doen, stuur gerus die inligting aan Marelize Santana by marelize.santana@nwu.ac.za.



MY BAIE SPESIALE VERSOEK...

Ons gaan voort met 'n reeks artikels waarin ons interessante vrae aan personeellede stel: In hierdie uitgawe van Eish! vra ons wat hulle sou vra indien hulle 'n spesiale versoek kon rig of 'n voorstel kon maak aan die nuwe visekanselier, prof Dan Kgwadi.

Me Roslyn Lodewyk, senior mensekapi-taalbeampte, Institusionele Kantoor: "Ek dink dit gaan belangrik wees vir die nuwe visekanselier om te verseker dat billikheid en deursigtigheid gehandhaaf word.

"Dit is ook belangrik om na die welstand en ontwikkeling van personeel op alle vlakke om te sien. Ek sou versoek dat die NWU meer in personeel belê."

Mnr Rudi van der Merwe, projekbestuurder, Gemeenskapsbetrokkenheid, Institusionele Kantoor: "My versoek sou wees dat die nuwe visekanselier sal aanhou bou aan 'n verenigde NWU. Elke personeellid se stem moet gehoor word.

"Ek sou ook graag wou sien dat gemeenskapsbetrokkenheid erken word as leefwyse by die NWU. So kan die universiteit se naam versterk word en 'n wedersydse verhouding met die gemeenskap bewerkstellig word. Laastens sou ek wou sien dat die visekanselier altyd vra dat God hom in sy leierskap sal rig."

Me Tebelelo Maseng, dosent in Verpleegkunde, Mafikengkampus: "Ek sluit aan by almal wat die nuwe visekanselier verwelkom. U prestasie dien as motivering vir baie mense vanuit 'n beskeie agtergrond.

"Maak asseblief 'n tydjie in u besige skedule om die moontlikheid van meer parkeerplekke op die Mafikengkampus te oorweeg. Daar is

al hoe meer privaatvoertuie op die kampus. Onderdakparkeergeriewe bevoordeel voertuig-eienaars én die kampus. Die voertuie is veilig en inkomste word verkry deur die geriewe te verhuur."

Mnr Phenylo Mokgothu, kommunikasie-beampte, Bemarking en Kommunikasie, Mafikengkampus: "Ek sal graag wil sien dat prof Dan Kgwadi die universiteit verder ophef sodat dit steeds gunstig kan meeding met die standaarde van vooruitstrewende hoëronderrysinstellings.

"Ek wil ook sien dat hy die huidige stabiliteit op al drie kampusse behou om so die NWU se kernbesigheid, onderrig-leer, navorsing en gemeenskapsontwikkeling, uit te bou."

Dr Jaco Bezuidenhout, dosent by die Skool vir Omgewingswetenskappe en Ontwikkeling (Mikrobiologie), Potchefstroomkampus: "Ek glo dat ons nagraadse studente baie belangrik is vir die universiteit, veral as mens hul navorsingsuitsette in ag neem.

"Dit wil blyk asof daar administratiewe haakplekke ten opsigte van nagraadse beurse is. Rekenaars in die lesinglokale op kampus is beter toegerus as dié wat vir nagraadse studente beskikbaar is.

"Ek sou versoek dat die nuwe visekanselier help om 'n manier te vind om ons nagraadse studente beter te ondersteun."

Me Jennifer Pheleu, administratiewe assistent, Logistiek, Potchefstroomkampus: "Ek sou graag wou weet waar Prof Kgwadi homself oor vyf jaar sien.

"Ek sou ook graag met hom wou gesels oor 'n paar praktiese sake betreffende personeel-voordele."

Me Madeleine Groenewald, dosent by die Skool vir Inligtingstegnologie, Vaaldrie-hoekkampus: "Prof Kgwadi, u is bekend vir u diepe verbintenis tot uitnemendheid in die werksplek en die bemagtiging van mense.

"Ek glo dat voordurende selfevaluering 'n voorwaarde vir uitnemendheid is. Ongelukkig is daar studente en personeellede wat nie hierdie oortuiging deel nie. Sal u hulle asseblief motiveer om uitnemendheid na te jaag?"

Mnr Morena Tsotetsi, senior bemarker, Bemarking en Kommunikasie, Vaaldriehoek-kampus: "Eerstens, baie geluk, Prof Kgwadi, Motlokwa, Leana nkwe (lofbetuiging).

"Sal u verseker dat ons kampus omsien na die plaaslike gemeenskap deur kursusse aan te bied waarby hulle kan baat? Ek sou byvoorbeeld graag wou sien dat verpleegkursusse aangebied word in areas waar dit nie tans deur die NWU aangebied word nie. Daar is ook 'n groot behoefte aan gemeenskapsgeoriënteerde opleiding in ingenieurswese en gasvryheid."

Kweek leergierige studente

Die 21ste eeu behoort aan mense wat waag om te droom en dit regkry om los te breek uit konvensionele stereotipiese denkpatrone.

Dit was die woorde van prof Martin Oosthuizen, die NWU se adjunkvisekanselier vir onderrig-leer. Hy het die gehoor toegesprek by die derde

konferensie oor die Vakkundigheid van Onderrig en Leer (VvOL), wat in November 2013 by die Quest-konferensiesentrum in Vanderbijlpark gehou is.

Die konferensie se tema was "The University in the 21st century – cultivating inquiry-driven

students", en is bygewoon deur afgevaardigdes van verskeie hoërondewysinstansies.

Prof Clifton Conrad van die Universiteit van Wisconsin-Madison in die Verenigde State was die hoofspreek.

Tydens sy aanbieding het hy uitgewei oor maniere waarop hoër onderwys die uitdaging kan aanpak om leergierige leerders te kweek. Hierdie leerders moet innoverend en beredeneerd kan reageer op die komplekse uitdagings wat die 21ste-eeuse samelewing in die gesig staar.

By die NWU is Vakkundigheid van Onderrig en Leer daarop gemik om die gehalte van onderrig-leer te verbeter deur, onder meer, bespreking van en navorsing oor onderrig-leer.

◀ *Personeel van die NWU en ander Suid-Afrikaanse hoërondewysinstansies woon die Vakkundigheid van Onderrig en Leer-konferensie by, wat van 19 tot 21 November 2013 in Vanderbijlpark aangebied is.*



Wen! Wen! Wen!

Jy kan 'n korporatiewe geskenk wen – vind net hierdie 10 antwoorde!

1.




Identifiseer die nabyskote deur te sê wat dit is en verskaf die bladsynommers waar hulle verskyn.

2.



5.



4.



3.

6. Wie is aangewys as die NWU se nuwe visekanselier en wanneer neem hy die leisels oor by dr Theuns Eloff?
7. Hoeveel Rapport-toekennings is in 2013 aan inspirerende NWU-dosente gemaak?
8. Wat is die naam van die projek wat me Marina Louw op die Potchefstroom-kampus begin het?
9. Noem een van die maniere waarop die NWU vanjaar sy tienjarige bestaan gaan vier.
10. Die Nasionale Navorsingstigting het twee NWU-personeellede aangewys om op hul Astronomie-adviesraad te dien. Wie is hulle?

STUUR JOU ANTWOORDE AAN:

Pos: Marelize Santana, Interne bussie 260.

E-pos: marelize.santana@nwu.ac.za met Eish! in die onderwerpblokkie.

Onthou: Noem ook asseblief jou personeelnommer, titel, voornaam, van, postitel, naam van jou afdeling en kampus.

Die eerste korrekte inskrywing per besigheidseenheid wat getrek word, sal 'n prys loslaan!



▲ Prof Johan Westerhuis (links) saam met prof Du Toit Loots van Biochemie in die Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe se laboratorium.

Nederlander deel sy kundigheid

Personeel by die Fakulteit Natuurwetenskappe se Skool vir Fisiese en Chemiese Wetenskappe is baie opgewonde oor 'n kundige in bioinformatika wat as buitengewone professor by navorsingsprojekte by dié skool betrokke gaan wees.

Prof Johan Westerhuis is 'n bekroonde wetenskaplike van Nederland. Hy het in 2013 by die Internasionale Metabolomika-kongres, wat in

Glasgow gehou is, die prys ontvang vir die meeste uitstaande vakpublikasie van die vorige jaar.

Die NWU het tans nie 'n senior kundige in die veld van bioinformatika, wat noodsaaklik is om metabolomika-inligting te ontsluit, nie.

Dit is hier waar prof Johan as buitengewone professor 'n bydrae gaan lewer.

“My doelwit is om metodes te ontwikkel en te staaf vir die ontwerp van biologiese navorsing oor menslike sisteme. Ek visualiseer en vat die komplekse data saam deur die integrasie van bioinformatika en biostatistiek.”

Prof Johan is nie 'n totale vreemdeling by die NWU nie. Hy is reeds medewerker in verskeie navorsingsprogramme.

Hy is ook promotor van 'n doktorsgraadstudent wat tans besig is met 'n studie oor die uitwerking van alkoholgebruik op metaboliese sisteme. Prof Johan en sy vrou, Mirriam, is die trotse ouers van twee kinders, Bente en Maryn.

** Metabolomika is die wetenskaplike studie van die stel metaboliete, dit is die stowwe wat benodig word in metabolisme, wat teenwoordig is in 'n organisme, sel of weefsel.*

Dit is een van die nuutste biotegnologiese terreine. Dit behels die bestudering van die aard en uitwerking van verskeidenheid siektes. Dié siektes sluit onder andere lewenstyelesiektes soos diabetes en oordraagbare siektes, soos tuberkulose en MIV, in.



Dr Theuns Eloff, uitgaande visekanselier, gee die aflosstokkie aan vir prof Dan Kgwadi, sy opvolger. Prof Marlene Verhoef, die nuwe institusionele registrateur, en prof Herman van Schalkwyk, die nuwe adjunkhoof (en steeds rektor van die Potchefstroomkampus) ondersteun hulle geesdrifdig.



NORTH-WEST UNIVERSITY[®]
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

ONS VIER...



Dit begin alles hier[™]